

11 APRIL

SKRIFGEDEELTE: EFESIËRS 3:1-13 (OAV)
FOKUSGEDEELTE: EFESIËRS 3:1

Ons moet hard werk aan ons geloof

Om te glo en om ons geloof op 'n hoë standaard te hou, is nie maklik nie. Dit vra baie energie, want ons moet voortdurend hard daaraan werk, anders gaan ons geloof agteruit.

Die heidene het destyds kennis gemaak met die openbaring van die Here se besondere ontsluiting van sy heilsraad in die Here Jesus se versoening. Paulus beklemtoon dat hy nie self hierdie dinge aangaande Jesus Christus en die verlossing uitgedink het nie – God self maak sy verlossingsraad bekend.

Betekén dit dat ons so baie genade kry dat ons nou toegang tot die hemel het? Dit ook, maar die Bybel beklemtoon iets anders, naamlik dat die gelowiges ook 'n roeping teenoor die geesteswêreld het. Kyk weer na die woorde van vers 10: "... sodat nou deur die gemeente [die kerk] aan die owerhede en magte in die hemele die menigvuldige wysheid van God bekend gemaak kan word..." Daar is owerhede en magte in die hemel wat nie die verborge raad van die Here ken nie. Dit beteken nie dat hulle nie nodig het om die dinge te weet nie – hulle móét dit weet. Die kerk van die Here moet dit aan hulle openbaar.

Die owerhede en magte se name sê hulle is wesens in die geesteswêreld wat baie bekwaam is. *Owerhede* oefen gesag uit oor ander skepsele wat aan hulle ondergeskik is. Dieselfde geld vir die ander wat deur die Bybel *magte* genoem word. Hulle het mag tot hulle beskikking. Die kerk op die aarde moet aan sulke magtige skepsele die wysheid van God bekendmaak.

Let op die groot genade oor ons. Ons is deur Jesus Christus verlos van ons sondes. Hy gee aan ons die waarborg dat ons die ewige lewe by Hom op die nuwe aarde gaan deurbring. Verder word ons deur die Heilige Gees gelei om aan die geesteswêreld die almag van God se verlossing te verkondig. Die gemeente neem in Christus deel aan al die vervulling van die beloftes wat God vir sy uitverkorenes gereedmaak. Dit gee ons nie rede om verwaand te raak nie. Ons moet nederig en onberispelik getrou wees in die manier waarop ons ons deelname aan die verlossing deur Jesus Christus ervaar en uitleef. Dit gaan oor die verantwoordelikheid wat die kerk het. Die Bybel onderstreep dit dat die rykdom wat Christus vir ons gee, so groot is dat ons verstandsvermoë net doodgewoon onvoldoende is om dit te verstaan – dit was al die eeue verswyg. Nou is dit geopenbaar.

Daarom moet ons hard probeer en met baie energie aan ons geloofslewe werk, sodat ons geloof op 'n hoë standaard kan wees. Dit vra baie energie, want ons moet voortdurend hard daaraan werk, anders gaan ons geloof agteruit en kan ons nie die hoë roeping wat die Here op ons gelê het, nakom nie.

Dr Thinus du Plessis (Bellville)